Busy-Bugz Vroeë Ontwikkelingsentrum
Parakietstraat, Sedgefield, 6573
Posbus 1466, Sedgefield, 6573
Tel/faks: 044 343 2942
Epos: adri@busybugz.co.za
www.busybugz.co.za

REGISTRASIE 2017

AANSOEK BY BUSY-BUGZ:

SLEGS OGGENDE (07:30 – 13:30)		**VOLDAG (07:30 – 17:00)**	

LEERDER

Volle name en van: _____
Naam wat by huis gebruik word: _____
Geboortedatum: ____/____/20____
ID Nommer: _____
Woonadres: _____

VADER/VOOG

Naam en van: _____
Woonadres: _____
Posadres: _____
Kontaknommers: Huis_____ Werk_____ Selfoon_____
Beroep: _____
Werkgewer: _____
Werkadres: _____
E-Pos: _____

MOEDER/VOOG

Naam en van: _____
Woonadres: _____
Posadres: _____
Kontaknommers: Huis_____ Werk_____ Selfoon_____
Beroep: _____
Werkgewer: _____
Werkadres: _____
E-Pos: _____

ANDER KONTAKPERSOON (Indien ouers of voog nie gekontak kan word in geval van nood nie)

Naam en van: _____
Verwantskap aan ouer/voog: _____
Kontaknommers: Huis_____ Werk_____ Selfoon_____

ANDER INLIGTING

Huistaal: _____
Naam van vorige skool wat kind bygewoon het _____
Datum wat kind vorige skool verlaat het: ____/____/20____

Lys asseblief die name van persone (anders as uself) wie toegelaat is om u kind by Busy-Bugz af te haal:

_____ _____
_____ _____

Ander kinders in die gesin (by Busy-Bugz of nie). Verskaf asseblief hul name en ouderdomme:

_____ _____
_____ _____

MEDIESE INLIGTING

Naam en van van julle huisdokter: _____

Telefoonnommer:_____

Plaas asseblief ‘n regmerkie agter die siektes wat u kind reeds gehad het:

Masels		Duitse masels		Kinkhoes		Waterpokkies		Pampoentjies		Geelsug	

Plaas asseblief ‘n regmerkie agter die siektes waarteen u kind reeds geïmmuniseer is:

Tuberkulose BCG		Witseerkeel		Kinkhoes		Tetanus (Klem-in-die-Kaak)		Masels		Polio	

Neem asb kennis: leerders moet teen die bogenoemde siektes geïmmuniseer wees. Immunisasie teen Polio en Tuberkulose BCG is volgens wet verpligtend.

Lys asseblief enige allergië wat u kind mag hê:

_____ _____

_____ _____

_____ _____

Lys asseblief enige ander siektes waaraan u kind ly:

_____ _____

_____ _____

Lys asseblief enige kroniese medikasie wat u kind neem:

_____ _____

_____ _____

Naam van mediese fonds: _____

Mediese fonds-nommer:_____

Naam van hooflid van mediese fonds: _____

ANDER

Beskryf asseblief enige situasie of inligting wat relevant tot die kind of familie is waarvan die skool moet weet:

_____

MY SCHOOL PROJEK

Ons skool kan waardevolle fondse versamel wanneer ouers ‘n **My School**-kaart gebruik en ons sal dit waardeer indien u aan hierdie program sal deelneem.

Dui asseblief aan of U alreeds ‘n My School-kaart het	JA	NEE
Indien Nee, dui asseblief aan of U ‘n My School-kaart wil ontavng	JA	NEE

Hiermee bevestig ek, _____, dat bogenoemde inligting korrek en op datum is en dat ek die skool onmiddelik in kennis sal stel in geval van enige veranderings in bogenoemde inligting.

GETEKEN: _____ NAAM: _____DATUM: ____/____/20____

Neem asseblief kennis dat die skool afskrifte van u kind se <u>geboortesertifikaat</u> en <u>kliniekkaart</u> op rekord moet hê.

Busy-Bugz Vroeë Ontwikkelingsentrum
Parakietstraat, Sedgefield, 6573
Posbus 1466, Sedgefield, 6573
Tel/faks: 044 343 2942
Epos: adri@busybugs.co.za
www.busybugz.co.za

VRYWARING

Ek, _____ (naam en van van ouer/voog), die ondertekende ouer/voog van _____ (volle name en van van kind), met kontakbesonderhede soos in aangehegde registrasievorm afgelê, maak hiermee die volgende verklaring ten op sigte van die voorafgenoemde kind:

1. Ek gee hiermee toestemming dat die voorafgenoemde kind in sport en uitstappies mag deelneem wat deur die skool georganiseer is asook om veilig daarheen deur die skool vervoer te word. Hierdie toestemming word gegee met die verstandhouding dat ek vroegtydig van sulke okkasies in kennis gestel sal word en die opsie gegee sal word om hom/haar van die aktiwiteit te weerhou indien ek dit nodig sou beskou.

2. Ek vrywaar hiermee die skool, die skoolbeheerliggaam en personeel of werknemers van enige verlies of skade van eiendom wat ek mag ly of ongeluk ten opsigte van sulke kind wat mag plaasvind in enige manier terwyl sulke kind onder die toesig van die skool of sy personeel of werknemers is. In ag geneem dat vrywaring nie van toepassing sal wees waar die skool teen verlies of skade aan eiendom of ongeluk verseker is of deur die Wet ten opsigte van die Motorvoertuig-ongeluksfonds van 1989 (Wet 93 of 1989) gedek is nie.

3. Ek gee hiermee toestemming dat die skool en sy personeel toepaslike aksie neem soos hulle nodig sou vind in omstandighede waar sulke kind beseer word, en gee aan sulke person die reg om sulke kind vir ligte ongesteldhede te behandel soos wat redelik onder die omstandighede sou wees. Sou so ‘n kind professionele mediese aandag benodig, in die afwesigheid van leiding van my, gee ek hiermee die personeel of werknemers die mandaat om die nodige stappe ten opsigte van sulke kind se welsyn te neem.

4. Ek gee hiermee toestemming dat my kind by die skool getoets of geassesseer mag word vir remediêre doeleindes soos deur die skoolhoof of personeel noodsaaklik gevind word.

Neem asseblief kennis: Hierdie vrywaring is geldig vir alle skoolaktiwiteite so lank as wat die kind by Busy-Bugz ingeskryf is.

GETEKEN: _____ NAAM: _____DATUM: ____/____/20____



Busy-Bugz Vroeë Ontwikkelingsentrum
Parakietstraat, Sedgefield, 6573
Posbus 1466, Sedgefield, 6573
Tel/faks: 044 343 2942
Epos: adri@busybugs.co.za
www.busybugz.co.za

SKOOLREËLS

1. Kinders moet na die skool vergesel word deur ‘n volwassene en daar aan ‘n onderwyser of assistent oorhandig word. Geen kind sal toegelaat word om die skoolterrein op sy/haar eie te verlaat nie en moet deur die ouer(s) of ‘n voorafgereëlde persoon binne die skoolgronde kom haal word. Laat personeel asseblief weet indien iemand anders as u die kind gaan kom haal. Om u kind se veiligheid te verseker mag personeel weier om u kind die skool saam met iemand anders as die persone wat op u registrasievorm genomineer is te verlaat.
2. GEEN SPEELGOED MAG SKOOL TOE GEBRING WORD NIE.
3. Geen lekkers, koek of gaskoeldrank mag skool toe gebring word nie. Ons moedig gesonde kos aan. Skil asseblief vrugte soos lemoene by die huis. Geen rou noedels nie asseblief.
4. Siek kinders moet by die huis bly solank as wat hulle aansteeklik is. Geen kind met koors of gastroenteritis sal by die skool toegelaat word nie. Indien op antibiotika is, moet die kind reeds 24 uur op behandeling wees voordat hy/sy mag terugkom skool toe. Kinders met kopluise moet by die huis bly tot al die luise en eiers verwyder is.
5. Lig asseblief die klasonderwyser of skoolhoof in indien u kind vir enige rede nie skool gaan bywoon nie.
6. Klere moet gemaklik en prakties vir skool wees. Kinders moet verkieslik in ouer klere wees aangesien hulle somtyds nogals rof kan speel.
7. MERK ASSEBLIEF ALLE KLERE DUIDELIK.
8. Wanneer u geld skool toe stuur, oorhandig dit asseblief aan ‘n personeellid – binne-in ‘n koevert met die volgende bo-op geskryf: die kind se naam en van, klas, die bedrag en waarvoor die geld is.
9. Skoolfooie is vooruit betaalbaar teen die 7de van elke maand. ‘n Herinnering sal na ouers gestuur word wie nie teen die 7de betaal het nie. Indien dit steeds nie teen die 14de betaal is nie, sal ‘n nota gestuur word om te bevestig dat die kind nie Busy-Bugz mag bywoon vanaf die 15de nie. Enige skoolfooie wat daarna uitstaande is sal aan ‘n prokureur vir invordering oorhandig word.
10. Geen geld sal terugbetaal word in geval van afwesigheid nie.
11. Die skool vereis een kalendermaand kennis vooruit wanneer ‘n kind Busy-Bugz gaan verlaat. Indien die kind sonder kennis uit die skool geneem word, sal ‘n volle maand skoolfooie steeds betaalbaar wees.
12. Ons stuur gereeld boodskappe in Kommunikasieboekies. Teken asseblief en stuur DIE VOLGENDE DAG terug skool toe.
13. Ondersteun asseblief ons vondsinsamelingsprojekte en ouervergaderings aangesien dit belangrik vir die welsyn van die skool en leerlinge is.
14. Ouers is welkom om ‘n afspraak te maak met die skoolhoof en/of onderwyseres om probleme ten op sigte van hulle kinders in ‘n tyd en plek te bespreek waar dit sonder onderbrekings kan plaasvind.
15. Ouers is welkom om met die onderwyseres te reël om ‘n kind se verjaarsdag by die skool te vier.
16. U sal vooruit in skrif van alle uitstappies in kennis gestel word en ons vra dat u skriftelik toestemming gee vir u kind om dit by te woon. Geen kind sal op ‘n uitstappie geneem word sonder die skriftelike toestemming van ‘n ouer of voog nie.
17. Streng dissipline is nodig om suksesvolle leerdery te verseker. Indien ‘n kind hom/haar nie gedra nie sal daar van hom/haar verwag word om vir ‘n ‘afkoel-periode’ in die hoekie te staan. Daar sal ook aan hom/haar presies verduidelik word wat dit is wat verkeerd gedoen is en waarom dit onaanvaarbaar is.
18. Indien die skool uitermate moeilikheid met u kind ondervind, sal u in kennis gestel word en indien die gedrag voortduur, mag u gevra word om die kind uit die skool te neem.

DIE SKOOLREËLS IS DAAR OM U KIND SE VEILIGHEID TE VERSEKER EN OM DIE IDEALE OMGEWING VIR GESONDE EN KONSTRUKTIEWE SPEEL EN LEERDERY TE SKEP. ONS BEDANK U BYVOORBAAT VIR U SAMWEWERKING. – Bestuursraad, Busy-Bugz Vroeë Ontwikkelingsentrum

GETEKEN: _____ NAAM: _____DATUM: ____/____/20____